
Rm 14:1-15:13 : CHRISTELIKE VRYHEID EN VERPLIGTING

DIE TEMA

Hierdie gedeelte is in pas met die voorafgaande 2 hoofstukke - en wel daarin dat dit handel oor die praktiese aspekte van die gelowige se lewe, besonderlik oor sy lewe in verhouding met ander gelowiges in die gemeente.

Nou konsentreer die apostel egter spesifiek op die kwessie van "sterkes" en "swakkes" in die gemeente en wat hulle gesindheid en gedrag teenoor mekaar moet wees. Dit handel oor *Christelike vryheid en verpligting*.

Dis belangrik om Paulus se woordgebruik nie verkeerd te verstaan nie.

- Met "swakkes" bedoel hy nié diegene wat kort-kort voor sonde swig nie. Dis hoe hy verwys na mense wat allerlei gewetensnoutes en *hang-ups* het. Hulle verstaan nog nie die fundamentele beginsels van die geloof in diepte nie. Die volkomenheid van ons Middelaar se werk - en ons gepaardgaande vryheid in Hom - het nog nie behoorlik tot hulle deurgedring nie. Hulle het nog nie geleer om in Christus te rus en om weer en weer met die allergrootste vrymoedigheid uit die fontein van God se heil te drink nie. Hulle sukkel nog met die verhouding tussen genade en werke, tussen evangelie en wet.

Daarom is hulle nog puntenerig versigtig oor allerlei dinge in die Christelike etiek.

- Net so is die "sterkes" nie hulle wat as 'n reël oor sonde heers nie. Dis diegene wat die evangelie goed verstaan en gevolglik hulle vryheid in Christus in diepte begryp. Hulle hou hulle oë op die Middelaar en Sy genoegsame werk vasgenael. Hulle weet hulle verlossing lê in die eerste instansie buite hulle. Hulle dink prinsipiël en het 'n volwasse onderskeidingsvermoë.

Soos ons, was die vroeë gelowiges gedurig in kontak met die wêreld om hulle. Ook in hulle gemoedere het dit allerlei worstelvrae veroorsaak. Waaraan kan mens deelneem en waaraan nie? Wat is sonde en wat nie?

Daarbenewens moes ook hulle duidelikheid kry oor wat binne die gemeente nodig en behoorlik is, en wat nie?

- In hulle dae het dit blykbaar gegaan oor wat mens mag eet en drink; oor watter godsdienstige dae gevier moet word, indien hoegenaamd; oor hoe jy moet aantrek; hoe jy jou hare moet sny (1Kor 11:2-16); ensameer.

~ Dinge het nie veel verander nie! Ons het steeds ons kwellinge oor die halaalmerk, oor wyn, oor Kersfees en Goeie Vrydag. En wat van rook, fliek, dans, grimering en 'n sak vol vrae oor kleredrag - om maar enkeles te noem?

Rome was kosmopolities. Dit het ook vir die gemeente gegeld. Mens kan dus verwag dat daar soms uiteenlopende opinies oor sake was. Dit kan jare duur voordat gelowiges in staat is om bokant hulle kulturele voorkeure en eensydighede uit te styg - en om ander dinge, standpunte en gebruike vanuit eerste beginsels te beoordeel. Hoe goed was die Here nie vir die vroeë kerk nie, deur vir hulle 'n briljante en geïnspireerde prinsipiële denker soos Paulus te gee! En, uiteraard, tot vandag toe pluk ook ons die vrug daarvan.

Hierdie gedeelte stem in vele opsigte ooreen met ander gedeeltes in Paulus se briewe. En deur die eeue tot vandag toe is dit 'n tipiese pastorale probleem wat die apostel hier aanspreek. Elke gemeente kry weer en weer met hierdie kwessie te doen - in een of ander gestalte.

DIE PROBLEEM IN DIE IN DIE KERK VAN DIE EERSTE EEU

Korinte en Rome

In *Korinte* het die vraagstuk oor *offervleis* gehandel (1Kor 8:1-13; 10:23-33). Die apostel antwoord 'n vraag wat die gemeente in hierdie verband aan hom gevra het (1Kor 8:1). Beide die leraar en die pastor kom, soos elke

keer, ook hier weer in Paulus na vore: sy antwoord is prinsipiël stewig begrond, maar terselfdertyd pragtig gebalanseerd, ten einde enige polarisering in die gemeente te vermy.

- Afgodery was 'n integrale deel van die lewe in die antieke wêreld.

~ Vleis wat *privaat* geoffer is, is in 3 verdeel. Een deel is verbrand, nog 'n deel is vir die priesters gegee, en die derde deel is gehou om self te eet. As mens dus deur 'n ongelowige vir ete genooi is, was die vraag: "Durf ek daar vleis eet; sê nou dis offervleis?" (1Kor 10:27).

~ Vleis wat in die publiek geoffer is, is ook in 3 verdeel. Benewens die dele wat verbrand is en vir die priesters gegee is, is die derde deel na die magistrate toe. Hiervan is groot hoeveelhede dan in slaghuise verkoop. Weereens het die vraag ontstaan: "Durf ek in die slaghuis vleis koop; sê nou dis offervleis?" (1Kor 10:25).

- Duidelik was sommige gelowiges bekommerd dat hulle sou sondig en geestelik besoedel word indien hulle dalk offervleis eet, al was dit onwetend. Ander gelowiges was egter gladnie daarvoor begaan nie.

~ "Ontspan oor die offervleis, dis geen probleem nie", sê die apostel. *Wat wel 'n groot probleem kan word, is gemeentelike verdeeldheid hieroor.* En daarom pleit Paulus by die "sterkes" (die wat vry is oor die saak) om die "swakkes" (die wat gewetensprobleme daarvoor het) in liefde en begrip te verdra en te konsidereer.

- ☐ Die kwessie in *Rome* was soortgelyk, maar tog ook ietwat anders.

- Paulus verwys nie eksplisiet na offervleis nie, maar die feit dat sommige "swakkes" net groente geëet het, en oënskynlik nie vleis nie (14:2), dui na alle waarskynlikheid op dieselfde kwessie.

- Daarbenewens was daar uiteenlopende opinies oor die belangrikheid van sekere godsdienstige dae (14:5-6).

Galasië en Kolosse

- ☐ Die Galasiërs, lees mens in 4:10, het ook probleme gehad m.b.t. die viering van *besondere dae en maande, feesgeleenthede en jare*.

- ☐ Ook die *Kolossense* het met die kwessie van *feesdae* geworstel (2:16-17), en daarbenewens lyk dit of sommige van hulle sterk opinies gehuldig het oor wat 'n gelowige *mag en nie mag eet nie* (2:16, 21).

Twee verskillende sake

- ☐ As mens die genoemde briewe van Paulus lees, val een ding m.b.t. ons onderwerp dadelik op. In Romeine en 1Korintiërs, aan die een kant, en in Galasiërs en Kolossense, aan die ander kant, openbaar die apostel *totaal verskillende gesindhede*.

- ☐ In sy briewe aan die *Korintiërs en Romeine* openbaar hy 'n simpatieke herdershart teenoor geestelik onvolwassenes wat nog nie hulle vryheid in Christus verstaan nie. Dit gaan bloot oor *gemeentelike groeipyne*. Die vraag waarmee in hierdie twee gemeentes geworstel word, is: *Wat is sonde?*

- ☐ In *Galasiërs en Kolossense* praat hy egter so driftig, afkeurend en waarskuwend, dat dit sy lesers tot stilstand moes geruk het. Die rede is voor die hand liggend. In hierdie gemeentes het Paulus met *fatale dwaalleringe* te doen.

Die vraag waarmee in hierdie twee gemeentes geworstel word, is: *Wat is nodig vir redding?*

- In sy brief aan die *Galasiërs* trek Paulus te velde teen die dwaling van die *Judaïste*. Hulle het die evangelie in sy hart verwing deur daarop aan te dring dat sekere godsdienstige rituele, saam met Christus se versoeningswerk, *noodsaaklik vir redding* is. Veral het dit oor die besnydenis gegaan, maar ook oor die handhawing van bepaalde godsdienstige dae en feeste en ander dinge. Hulle het dus 'n wettisisme verkondig wat ontken dat regverdiging deur geloof alléén plaasvind.

Die Judaïste se lering het neergekom op 'n terugkeer na minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls - op geestelike slawerny (4:9). Dit was 'n sielsvernietigende "ander evangelie" (1:6-9). Geen wonder nie dat Paulus vir hulle sê: "Ek vrees my harde werk aan julle was dalk tevergeefs" (4:11). Sy groot pastorale kwelling lê in die feit dat iemand wat selfs net 'n mespunt eie godsdienstige verdienste by Christus s'n probeer inroer, sy band met Hom verbreek het (5:2-4). Hy is immers óf volkome alleen-Middelaar tussen God en

sondaars, óf hoegenaamd nie.

- In *Kolossense* veg Paulus weer teen die dwaling van *gnostisisme*. Basies het hulle die geestelike en die materiële teenoor mekaar gestel, en geglo redding is die menslike gees se bevryding vanuit materiële gebondenheid. Daarbenewens het hulle engele aanbid as middelaars tussen God en mens (2:18).

Hieruit het *asketisme* voortgevloei. Enersyds het gnostisiste gemeen hulle kan daardeur die engele se guns wen; andersyds het dit volgens hulle 'n belangrike rol gespeel in die bevryding van die gees vanuit die liggaam.

Hier was dus ook sprake van ernstige, van sielsvernietigende dwalinge. En hiermee het die pastor, Paulus, geen maar geen geduld nie. Geestelike onvolwassenheid is een saak, maar sielsvernietigende kettery iets heel anders!

PAULUS SE RIGLYNE AAN DIE ROMEINE

Rom 14:1-12: Die gesindheid tussen "swakkes" en "sterkes".

Die res van die gemeente moet diegene aanvaar wat nog allerlei 'hang-ups' het en nog nie tot behoorlike volwassenheid in Christus ontwikkel het nie. Nie alleen moet hulle nie veroordeel word nie, hulle moet as broers en susters omhels word. Allermens moet met hulle gestry word (14:1).

Die "sterkes" en die "swakkes" moet mekaar nie verag of veroordeel nie. Almal behoort aan die Here en Hy sal hulle in stand hou. En aan Hom is elkeen aanspreeklik (14:2-4).

Elkeen se hartsgesindheid is immers om die Here te verheerlik. Hierdie ywer is tog die basiese lewensinstelling van elkeen vir wie Christus gesterf het (14:5-9).

En uiteindelik leef elke ware gelowige voor die aangesig van die Here - aan wie elkeen van ons vir homself verantwoording sal doen (14:10-12).

Rom 14:13-23: Hoe die "sterkes" die Christelike vryheid moet hanteer

Die Christelike vryheid is deel van ons erfenis in Christus. Ons moet dit dus bewaar. Maar dit moet baie oordeelkundig gebruik word.

Daar moet teen 2 dinge gewaak word:

- Eerstens moet ek in liefde vir my "swakker" broers en susters seker maak ek benadeel nie een van hulle in hulle navolging van die Here nie. Christus het immers ook vir hulle gesterf (14:13-15).

~ Ek kan een van hulle laat struikel deur wat ek eet of drink (14:20-21).

~ Verder kan ek dalk veroorsaak dat een van hulle iets teen sy gewete doen - en dít is sonde voor die Here (14:22-23).

- Tweedens mag ek nie my vryheid só gebruik dat die geloof 'n slegte naam kry nie (14:16).

Die feit bly egter staan, in die koninkryk gaan dit nie oor allerlei uiterlike dinge nie, maar om gehoorsaamheid, vrede en blydskap in die Gees. Dít is wat God behaag (14:17-18).

- Daarom moet ons altyd najaag wat die onderlinge vrede en opbou dien (14:19).

15:1-13 : Ten einde God te verheerlik, moet ons die voorbeeld van Christus navolg - en dus nie onself bevredig nie, maar andere se heil soek.

Die volwassenes in die geloof moet die onvolwassenes nie net verdra nie, maar hulle ook geduldig voorthelp (15:1-2).

Presies dit is hoe Christus geleef het. As ons Hom navolg, sal ons in onderlinge harmonie leef. Dis hoe ons die Here moet dien. Mag Hy dit vir ons gee (15:3-6).

Laat ons dus mekaar aanvaar. Kyk net hoe die Here Jesus ook die heidene aangeneem het - ter wille van God se eer (15:7-13).

TOEPASSING

☐ *Een van die merktekens van geestelike volwassenheid is dat jy die "swakkere" broeders en susters met begripvolle wysheid en liefdevolle geduld hanteer.*

In hierdie gedeelte wil Paulus keer dat op "swakker" medegelowiges neergesien word. Al is hulle normaalweg meer onlangse bekeerlinge, maak dit hulle allermens minderwaardig. Is 'n babaseuntjie van twee jaar minder kosbaar vir sy pa as sy boetie van sestien?

- Dikwels sit daar agter die "swakkeres" se puntenerigheid 'n hartsywer om heilig te leef en die Here te behaag. Wat hulle dan nodig het, is nie water op hulle vuur nie, maar wyse en geduldige lering oor die volheid van ons erfenis in Christus. En laat die "sterkeres" wat al lank op die pad is, maar weer besin oor Op 2:4 se waarskuwing teen 'n veragtering in die "eerste liefde".

- 'n Ander beginsel wat ons harspanne maar sukkel om vas te vat, is die geestelike aard van die koninkryk van die hemele. Dis waarom jong gelowiges tipies daarvan hou om hulle toewyding aan die Here op allerlei tasbare en sigbare maniere te betoon - wat nie noodwendig verkeerd is nie, net onvolwasse. Dis waarom die "swakkeres" dikwels baie begaan is oor uiterlike dinge - soos eet en drink en godsdienstige feesdae. Hulle moet nog leer: "die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee (Rm 14:17).

☐ *Mindere kwessies in die gemeente moet nie méér aandag kry as wat hulle verdien nie - maar ook nie minder nie.*

Dis belangrik om raak te sien dat dit in Rm 14-15 nie oor wesentlike dinge gaan nie, maar oor randsake. Dis kwessies waaroor sommige mense onseker is. Is dit behoorlik, al dan nie? Moet dit, of hoef dit nie? Is dit sonde, of is dit nie? Dis sake wat nie die wese van Christen- en kerkwees raak nie - uiters die welwese daarvan.

- Een van die belangrikste dinge wat 'n wyse pastor die kudde kan leer, is dat hulle sal onderskei tussen *majors* en *minors*. Geseënd is die gemeente waar hierdie onderskeid tuisgekome het! Sulke gelowiges sal soepel, akkommodierend en tolerant wees - behalwe in die dinge wat ononderhandelbaar is. So 'n gemeente sal gekenmerk word deur vrede, vryheid en vreugde. In sulke kringe sal daar oor 'n duisend randsake geen vaste standpunt wees nie - gewoon omdat dit nie saak maak nie. Elkeen kan maar na goeie dinge doen soos hy wil, en dit sal niemand pla nie.

Hierdie onderskeidingsvermoë lê aan die hart van geestelike volwassenheid.

~ Dis waarom Paulus nie 'n simplistiese lys gee van wat reg en verkeerd is nie. Nee, hy gee 'n paar basiese en universele beginsels waarmee gewerk moet word - ongeag die situasie, die kulturele omstandighede of die eeu.

Dis soos die Christelike etiek werk. God het 'n aantal fundamentele, tydlose en altyd-geldende beginsels in Sy Woord aan ons geopenbaar - en daarmee moet ons woeker. Geestelike volwassenheid het tot 'n groot mate te doen met die vermoë om vanuit sulke eerste beginsels te dink, te doen en te beoordeel.

~ Dis waarom dit moontlik is - soos ons hieronder sal demonstreer - om vandag só oor 'n saak te besluit, en net môre anders, sonder om inkonsekwent of 'n kompromiemaker te wees. Die beginsels bly dieselfde, maar die situasie mag totaal anders wees.

- Maar voordat jy jou oë uitvee kan klein dingetjies monsteragtige afmetings aanneem - juis omdat elke gemeente sy "swakkeres" het. Iets wat regtig om 't ewe is, kan deur mense sonder onderskeidingsvermoë opgeblaas word tot 'n strydpunt wat 'n gemeente uitmekaar kan ruk. Daarom moet 'n kudde se herders altyd op hulle hoede wees. 'n Klein skoenklippie kan 'n blaas maak wat ontsteek - en as dit nie ontsmet word nie, mag dit jou môre heeltemal lamlê.

Laat ons dus nie enige wanklank in ons onderlinge verhoudinge en gemeentes onderskat nie. So kosbaar is die dinge van die Here dat ons elke krakie, al lyk dit hoe onskuldig en gering, as potensiëel gevaarlik moet beskou en as sulks hanteer.

☐ *Christelike vryheid is een saak, losbandigheid iets anders.*

Die oomblik as ons van vryheid praat, tel die vlees sy kop op en spits sy ore. Iemand wat sê dat hy 'n Christen is, maar steeds in sonde leef, toon daarmee dat hy gewoon nie herskep is nie - want gehoorsaamheid volg altyd na ware geloof, heiligmaking na regverdigmaking. Maar selfs ware gelowiges kan moreel slordig lewe. Dis 'n skandelike en godonterende misbruik van ons Christelike vryheid.

- Rm 14:22 sê: "Gelukkig is die man wat hom nie hoef te verwyt oor wat hy hom veroorloof nie."

- 1Kor 10:23: "Daar is mense wat sê: 'Alles is geoorloof.' Ja, maar alles is nie heilsaam nie. 'Alles is geoorloof,' sê hulle. Ja, maar alles is nie opbouend nie."

☐ *Sonde lê nie in dinge op sigself nie; dit lê in mense - in hulle gesindhede en gedrag.*

- Mk 7:18-23: "Begryp julle nie dat niks wat van buite af in 'n mens ingaan, hom onrein kan maak nie, omdat dit nie in sy hart ingaan nie maar in sy maag, en daarna uit sy liggaam uitgaan?" Daarmee het Hy alle kos rein verklaar. "Maar," het Hy verder gesê, "wat van binne af uit 'n mens kom, dit maak 'n mens onrein. Van binne af, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid, diefstal, moord, owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpraterij, hoogmoed, ligsinnigheid. Al hierdie slegte dinge kom van binne af en dit maak 'n mens onrein."

- Hoewel 'n mes of 'n rewolwer of 'n atoombom uiters sondig gebruik kan word, is dit nie op sigself sondig nie. Dit geld ook vir 'n roulette tafel en 'n glas wyn - en 'n duisend ander dinge wat so dikwels vernietigend misbruik word.

☐ *Drie reëls om te besluit of 'n handeling sonde is of nie.*

- Verbied die Bybel my om iets te doen?

- ~ Sekere dinge word spesifiek verbied.

- ~ Dan is daar ook algemene opdragte en beginsels wat ek nie geweld mag aandoen nie. Dit staan nêrens in die Bybel dat ek nie oor 'n rooi lig mag jaag nie, maar daar staan dat ek die owerheid moet gehoorsaam - en andere nie in gevaar mag stel nie.

- Al word 'n bepaalde saak op geen wyse in die Bybel verbied nie - sal dit my nie dalk in die versoeking lei nie?

- ~ Mt 5:29-30 is hier ter sake: "As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word. Of as jou regterhand jou laat struikel, kap hom af en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland."

Natuurlik moet hierdie opdrag nie letterlik verstaan word nie. Dit gaan oor vermyding van versoeking.

Let ook daarop dat die opdrag voorwaardelik is ("As ..."). Elkeen moet homself leer ken en beoordeel. Wat een laat struikel, mag vir 'n ander geen probleem wees nie.

- Sal wat ek doen nie dalk 'n ander laat struikel en sondig nie?

- ~ Illustrasie: Mag daar wyn gedrink word as gelowiges saam eet? Gestel A is "sterk"; B is 'n gerehabiliteerde alkoholis, maar "sterk"; C is "swak".

Indien A en B saam eet, mag A, maar nie B nie. Tog sal dit waarskynlik liefdeskonsiderasie en wysheid van A wees om hom te onthou. Onder geen omstandighede mag hy vir B tot struikeling wees nie.

As al 3 saam eet, mag nóg A nóg B – omdat hulle vir C aanstoot sal gee.

- ~ As 'n gelowige saam met ongelowiges eet, sal hy baie versigtig wees. Hoewel hy weet dat 'n glasie wyn op sigself nie sonde voor die Here is nie, gaan dit oor sy getuigenis en hoe die mense dit sal opneem. Hy sal hom dus deur die situasie laat lei.

- ~ Uiteraard kan 'n gelowige, sonder om "swak" te wees, besluit om alles te vergemaklik (en te beveilig), deur hom as 'n reël te onthou aan wyn (of wat ook al). Koeldrank laat niemand ooit struikel nie.

Dit help my egter nie om talle ánder verantwoordelikhede en keuses te ontkom nie.

